

DIE NOORD-SUID KONFERENSIE TE CANCUN EN SUID-AFRIKA

S.J. Terreblanche

'n Opsienbare leierskonferensie tussen agt Noordelike en veertien Suidelike lande het in Oktober by die Mexikaanse vakansieoord Cancun plaasgevind. Hierdie Konferensie verteenwoordig die belangrikste poging tot nog toe om die ideologiese spanning wat tussen die ryk Noorde en die arm Suide aan die oplaai is, op 'n globale wyse te probeer ontlaai.

Rusland het nie aan die Konferensie deelgeneem nie omdat dit hom propagandisties pas om die gebrek aan ontwikkeling in die Suide eensydig aan Westerse imperialisme te wyt. Die V.S.A. was op sy beurt net bereid om die konferensie by te woon as Cuba en ander Sataliete van Rusland nie teenwoordig sou wees nie.

Dit is eintlik 'n verkeerde benaming om van die (ryk) Noorde te praat. Die (ryk) Noorde is vir alle praktiese doeleindes identies aan die (vrye) Weste. Dit sou inderdaad minder verwarrend gewees het indien dit as die dialoog tussen die (ryk) Noord-Westelike lande (plus Japan) en die (arm) Suidelike lande bekend was.

Die Cancun-konferensie is van groter belang vir Suid-Afrika as wat populêrweg besef word. 'n Omskrywing van Suid-Afrika se posisie in die Noord-Suid groepering, beklemtoon nogeens sy bisar posisie in die wêreld. Suid-Afrika se geografiese ligging en sy algemene ontwikkelingspeil is sodanig dat hy konsekwent geklassifiseer word as deel van die (arm) Suide. Maar vanweë sy omstrede binnelandse beleid word hy hoege-naamd nie deur die Suide as lid aanvaar in sy bedinging met die Noorde nie.

Verrassende parallele kan tussen die (ryk) "Noordelike" mense (hoofsaaklik die blankes) en die (arm) "Suidelike" mense (hoofsaaklik anderkleuriges) in die Suid-Afrikaanse mikrokosmos enersyds en Noord en Suid in die makrokosmos andersyds, getrek word. Terwyl Suid-Afrika in die makrokosmos nie ryk en ontwikkel genoeg is om deel van die Noorde (=Weste) te wees nie, *en daarom deel van die Suide is*, is hy ideologies deel van die Weste (=Noorde). In die mikrokosmos maak die blankes se ontwikkelings- en inkomstepeile hulle deel van die "Noorde" (=Weste), terwyl hulle ideologiese ingesteldheid hulle deel van die "Weste" (=Noorde) maak. Terselfdertyd maak die ontwikkelings- en inkomstepeile van die oorgrootte meerderheid van die anderskleurige (=Swartes) hulle deel van die "Suide" in die mikrokosmos, terwyl die

Swartes se ideologiese ingesteldheid tegelykertyd simpatie met die Weste én met die Suide (en in sommige gevalle selfs met die Ooste) toon. In die jongste verlede is die Weste in veral sy Noord-hoedanigheid geneig om al hoe meer druk op die "Noordelike" (=Blanke) bewindhebbers in Suid-Afrika uit te oefen. ^{uit te oefen} Om alles te kroon, maak die Suide by die VVO en ^{van die land aan} in ander internasionale liggame gemene saak met die Ooste (=Kommunistiese blok) om die "Westerse" (= "Noordelike") bestel in Suid-Afrika tot 'n val te bring.

Ek wens 'n Wiskundige of 'n Digter wil probeer om al die "kragte" wat uit soveel windrigtings van binne en van buite ^{op} Suid-Afrika inwerk in 'n enkele formule of gedig saam te vat. As ons al die "kragte" (=winde) uit die baie windrigtings net kon "saamvat" en reg kon begryp, sou ons dalk kon seker maak dat dit net "winde van veranderinge" sal wees en só voorkom dat dit ontaard in stormwinde oor ons Kaap van Goeie Hoop.

Ek was verras oor die wye publisiteit wat plaaslik aan die konferensie te Cancún verleen is. Terselfdertyd was ek teleurgesteld met die een-sydigheid van die kommentaar wat weinig begrip of empatie met die "saak" van die Suide getoon het. Aangesien Suid-Afrika as Westerse land in die Suide 'n eie Noord-Suid-probleem het, sou 'n mens heelwat meer begrip met die Suide se probleme kon verwag het. Ek was van mening dat denkende "Noordelike" mense in Suid-Afrika lank nie meer so afwysend staan teenoor die Suide se aanspraak op ontwikkelingshulp nie. Die onontbeerlikheid daarvan word tog allerweë erken en grootskeepse ontwikkelingshulp - wat welliswaar nog vër van toereikend is - word reeds aan ons "Suidelike" mense verleen. Waarom is ons dan nie ook ten gunste van groter hulp aan ander Suidelike mense nie?

Dit verbaas my dat "Noordelike" mense in Suid-Afrika meesal geneig is om die Noorde (=Weste) se kant te kies in die dialoog met die Suide. As deel van die Suide en as 'n oud-koloniale moondheid behoort ons voorkeur vir die Noorde nie so vanselfsprekend te wees nie. Hierdie houding kan seker toegeskryf word aan die verwarring tussen die Noord-Suid en Wes-Oos ideologiese spanninge. Sommige mense dink blykbaar dat aangesien ons (ideologies) aan die kant van die Weste wil wees, ons daarom ook aan die kant van die Noorde moet wees. Hoekom? Die feit dat die Suide gemene sake met die Ooste (=Kommunistiese blok) teen ons maak, dra natuurlik by tot hierdie ongelukkige verwarring. Nogtans is dit nie geoorloof om die Noord-Suid problematiek altyd deur die brille van die Wes-Oos

spanning te bekijk nie. As ons daarmee volhou, gee ons vir Rusland 'n propaganda oorwinning op 'n skinkbord.

Die Noord-Suid-problematiek het te make met die groeiende gaping tussen die lewenspeile in die Noorde en die Suide. Die per capita-inkomste in die Noorde is sowat tien keer groter as in die Suide en die gaping word al hoe groter. Boonop is die inkomste in die Suide baie meer ongelyk verdeel en leef die armste veertig persent in die allergrootste armoede en ontbering. Die VVO beraam dat 50,000 mense daagliks van die gevolge van wan- en ondervoeding sterf!

Belangrike oorsake vir die gebrek aan ontwikkeling en die dalende reële lewenspeile in die Suide, is die geweldige bevolkingsontploffing en die onbeteuelde "vlug" na die stede. Die olie-krisis het die Suidelike lande (wat nie oor olie beskik nie) relatief swaarder getref as die Noorde. Voor die oliekrisis was die Suide se skuldmas minder as \$100 miljard. Intussen het dit na meer as \$500 miljard gestyg en die jaarlikse diensgelde bedra reeds \$120 miljard! As gevolg hiervan het die Suide se historiese afhanklikheid van die Noorde 'n nuwe en groeiende dimensie bygekry.

'n Belangrike rede waarom die hoë brandstofpryse die Suide so swaar tref, is omdat petroleum 'n sleutelrol speel in elke fase van voedselproduksie en -verwerking. Hierdeur het ^{die} eintlik belemmernis op die pad van ontwikkeling soveel groter geword. Die Suide se onvermoë om sy landbou-sektor te moderniseer, vorm die kern van sy probleme. Ter wille van 'n modernisering van die landbou sal die perke wat diepgewortelde tradisionele ingesteldhede, onbuigbare sosiale strukture en politieke onvermoëns en onstabiliteite - én die hoë brandstofpryse - stel, oorkom moet word. Is dit moontlik?

Die debat by Cancún het veral gedraai om die vraag in hoeverre die Noorde verantwoordelik is vir die Suide se armoede en sy onvermoë om te ontwikkel. Die Suide beweer dat hy nie afhanklik is van die Noorde omdat hy onderontwikkeld is nie, maar dat sy onderontwikkeldheid gehandhaaf word vanweë die wyse waarop hy reeds in die koloniale tydperk afhanklik gemaak is van die Noorde en sedertdien afhanklik gehou word!

Voorstanders van die sg. "afhanklikheidsteorie" skryf die gebrek aan ontwikkeling in die Suide toe aan faktore wat "buite" die Suide lê en hou die Noorde daarvoor verantwoordelik. Argumente wat in hierdie verband geopper word, is die volgende:

- In die koloniale tydperk is die Suide geëksploiteer en is hulle ekonomiese en infrastrukturele ontwikkeling "skeef" getrek op maniere wat gebalanseerde ontwikkeling nou haas onmoontlik maak.
- Suidelike lande is aan die einde van die 19de eeu in die wêreld-ekonomie betrek as die uitvoerders van enkele grondstowwe of plantasiëprodukte waarvoor die vraag nie alleen onelasties is nie maar ook skerp daal tydens ekonomiese insinking in die Weste. Hierdie vraagstruktuur veroorsaak nie alleen swak handelsterme nie, maar ook deurlopende skerp skommeling in die Suide se uitvoerverdiensle en het al periodiek tot dramatiese insinkings gelei met wydverspreide ekonomiese en politieke ontwrigting.
- Die feit dat Suidelike lande dikwels in staat was om hul lewensstandaard vir beperkte tydperke deur die uitvoer van enkele grondstowwe te verhoog, het daartoe gelei dat die aandag ^{toe} in 'n groot mate (en in sommige gevalle permanent) van die modernisering van die landbou-sektor afgetrek is.
- Die politieke onafhanklikheid wat die Suide deur dekolonisasie bekom het, was nie so 'n towerformule vir ontwikkeling soos gehoop is nie, veral omdat multi-nasionale maatskappye op 'n manier opereer wat die Suide se eeue-oue afhanklikheid eerder verder versterk het.
- Die sg. "demonstrasie"-effek wat die Noorde op die Suide het, bring 'n verlammeende verslawing mee. Ironies genoeg moet die bevolkingsontploffing in die Suide hoofsaaklik gewyt word aan die higiëniese lewenswyse, die medisyne en die voedsel wat van die Noorde "ingevoer" word. Die industriële ontwikkeling wat wel in die Suide plaasvind, is geskoei op die kapitaalintensiewe tegnologie van die Noorde ten spyte van die Suide se oorvloed aan arbeid en tekort aan kapitaal en/of finansiële bronne. Die moderne kommunikasiewese bring mee dat die hoë lewenstandaarde van die Noorde baie demonstratief onder die aandag van die massas in die Suide gebring word. Dit skep "revolusies van stygende verwagtings" wat die eie bronne totaal oorspan en die ontwikkelingspotensiaal ontwrig.
- Vanweë die chroniese stagflasie wat die Noorde sedert die olie-krisis ervaar het, het die Noorde sy handels- en finansiële verhouding só verander dat hy sy tradisionele handelsurplus ten koste van die Suide verder vergroot het. Die Noorde se handelsbeleid het die Suide permanent in die knyptang vasgevang om

industriële produkte teen hoë en stygende pryse te koop in ruil vir grondstowwe waarvan die pryse skerp skommel en oor die langtermyn afwaarts neig.

- Ten slotte veroorsaak die ekonomiese en politieke magsverspreiding binne die raamwerk van die heersende internasionale instellings dat die Suide die slagoffer is van sy "institusionele verwringing". Hierdie verwringing kan slegs reggestel word as die Suide groter politieke bedingingsmag in internasionale liggame verkry.

Soos 'n mens kan verwag, is die Noorde nie geneë om die "afhanklikheids-teorie" te onderskryf nie. Noordelike lande verwerp hierdie teorie kategoriees of beweer dat dit berus op nuwe effekte van industrialisasie wat die Noorde nie kon voorsien het nie en in elk geval nie met kwaadwillige bedoelings op die Suide afgewentel het nie. Noordelike lande beweer ook dat hulle betrokkenheid in die Suide in sowel die koloniale as in die post-koloniale tydperk onontbeerlik was vir die ontwikkeling wat wel in die Suide plaasgevind het. Joan Robinson, 'n Britse Ekonoom, het die tweesnydigheid van imperialistiese uitbuiting soos volg opgesom: "The misery of being exploited by capitalists is nothing compared to the misery of not being exploited at all."

Die Suide wou by Cancún graag bewys dat die Noorde die grootste deel van die skuld vir die Suide se ontwikkeltheid en afhanklikheid moet kry en daarom ook die grootste deel van die ontwikkelingslas moet dra. Uit die Suide se oogpunt was dit onbillik van Pres. Reagan om vóór Cancún aan die Suidelike lande te sê dat hulle hul aan hul eie skoenrieme moet optrek. Volgens die Suide is al die belangrike rieme lank reeds in die hande van die Noorde en is die Suidelike lande bloot marionette wat dans in 'n drama wat vir hulle tragies verloop.

Uit die oogpunt van die Noorde gedra die Suidelike lande hulle soos lui en skoorsoekende kinders wat nie bereid is om elementêre verantwoordelikhede te aanvaar nie en is hulle gebrek aan ontwikkeling te wyte aan 'n inherente onvermoë of onwilligheid om van tradisionele en irrasionele denk- en lewenspatrone ontslae te raak. ^(*) Hierdie wedersydse verwyte het die agtergrond vir 'n konferensie gevorm wat verrassend vreedsaam en moontlik selfs konstruktief verloop het.

Watter lesse hou Cancún vir Suid-Afrika in? Ek wil graag twee noem.

(*) Die Suide word ook deur die Noorde vermyt dat hy hofelgelyk veel op vreedelike manier bereik. Interessant genoeg word op ditse wêreld se politieke kaart die ryker lande (in die Weste sowel as die Ooste) wat die wapenstryk veroorsaak en die Suide korrumpasie en

Eerstens bring 'n ontleding van die Noord-Suid problematiek die oortuiging dat ons verhoudingsprobleme nie so geïsoleerd en nie so uniek is soos wat ons graag wil glo nie. Ons probleemsituasie is in vele opsigte net 'n mikro-uitgawe van die makroprobleem van Noord en Suid. Gevolglik is dit van weinig belang om ons van die res van die wêreld te probeer isoleer deur aan die wêreld te sê dat hy ons met rus moet laat in ons poging om ons "eie" probleme op te los. Dit wat deur ons as 'n "eie" probleem gesien word, word deur die wêreld eenvoudig as 'n onderdeel van die groter Noord-Suid-probleem gesien. Of ons nou daarvan hou of nie, ons sal ons daarmee moet vereenselwig dat die Suid-Afrikaanse verhoudingsprobleem vir eens en vir altyd geïnternasionaliseer geraak het.* Juis daarom is dit vanuit die Suid-Afrikaanse oogpunt so belangrik dat werkbare formules van hulpverlening aan die Suide gevind sal word en dat Suidelike lewenspeile nie verder sal daal nie. Blyk dit onmoontlik te wees om sodanige formules te vind, sal die ideologiese spanning tussen Noord en Suid kumulatief opblaai en saam met die Wes-Oos spanning - soveel te meer druk op Suid-Afrika tot gevolg hê. Indien die Suide katestrofaal agteruit sou gaan, kan die koue Suidelike wind van verwyd wat reeds oor Suid-Afrika waai, verander in 'n yskoue Antartiese storm.

Tweedens bied die idee van 'n leiersberaad tussen Noord en Suid vir ons 'n navolgingswaardige voorbeeld. Al lewer hierdie soort gesprekke geen direkte of konkrete resultate op nie - soos ook die geval by Cancún was - is dit van groot belang dat ons eie "Noordelike" en "Suidelike" leiers met mekaar sal praat om 'n grondslag vir deurlopende dialoog en onderhandeling te vind. "Leiersberade" vind wel in Suid en Suider-Afrika plaas maar daar bestaan beslis 'n behoefte aan addisionele strukture vir konstruktiewe dialoog en/of gesamentlike besluitneming en bedinging. Cancún het bewys dat selfs al is die gaping tussen twee partye baie groot, sinvolle dialoog nogtans kan plaasvind.

Veronderstel die Noord-Suid konferensie het nie in Mexiko nie, maar by 'n vakansieoord in Suid-Afrika, sê Plettenbergbaai, plaasgevind. Watter lesse omtrent die Noord-Suid problematiek sou die 22 leiers uit die Suid-Afrikaanse situasie kon geleer het? Ek wil graag drie noem:

Eerstens dat Suidelike lande met alle mag hulle ekonomieë moet probeer diversifiseer om hulle afhanklikheid van die Noorde te verminder. In die jare twintig en dertig het Gen. Hertzog vir hom groot onmin onder veral die Engelse deel van die bevolking op die hals gehaal toe hy Yskor gestig het en die ekonomie meer selfonderhoudend vis-a-vis Brittanje gemaak het.

Die landbou- en industriële-ontwikkeling wat sedertdien ondervind word, is tot groot hoogte te danke aan die grondslae wat hy gelê het. Onge-lukkig beskik min Suidelike lande oor politieke leiers met die durf en die versindheid van Gen. Hertzog.

Tweedens dat die relatief groot moderne sektor waaroor Suid-Afrika beskik, reeds die katalisator vir ontwikkeling in die hele Suider-Afrikaanse subkontinent is maar ook ^{oort} die potensiaal beskik om dit in 'n veel groter mate te wees - veral as sekere konstitusionele veranderinge op nasionale en internasionale vlak te weeg gebring kan word. Uit 'n langtermyn en globale perspektief gesien, sou dit diegene wat hulle oor die armoede-probleme in die Suide bekommer, baat om 'n Suidelike en half-^{geïndustrialiseerde} ontwikkelde land soos Suid-Afrika te ondersteun sodat hy die rol van ontwikkelings-dinamo in die subkontinent nog beter kan speel.* Groter ekonomiese onder-steuning aan Suid-Afrika van Westerse lande sal waarskynlik as quid pro quid sekere konstitusionele aanpassings van Suid-Afrika verg. Tydens hulle besoek sou die 22 leiers - as hulle werklik onbevange na Suid-Afrika sou kyk - egter tot die oortuiging ^{kan} kom dat net soos Suid-Afrika 'n beson-dere krag- en groeipunt ⁱⁿ die verligting van armoede in 'n groot deel van die Suide kan wees, net so beliggaam sy ook die potensiele gevaar om die hele subkontinent tot een van die allerergste armoede gebiede te laat degenereer as die blanke bestel op 'n gewelddadige wyse tot 'n val gebring sou word.

Derdens sou die leiers in Suid-Afrika kon sien dat dit van weinig waarde is om hare te kloof oor die relatiewe skuld wat die Noorde en die Suide aan die armoede van die Suide het. In Suid-Afrika het ons (hopelik) lankal tot die oortuiging geraak dat dit nie veel baat om net "terug te kyk" en mekaar vir die foute van die verlede te blameer nie. Vanweë die gemeen-skaplike lotsbestemming van "Noordelike" en "Suidelike" mense in hierdie land, weet denkende mense dat dit veel beter is om eerder "vorentoe" te kyk" en besef hulle dat as "Suidelike" mense nie vinnig genoeg opgehef en geskoold gaan raak nie, ons ekonomie eerder vroeër as later min of meer tot stilstand gaan kom met uiters nadelige gevolge vir Wit en Swart.

Die Suide sal 'n veel beter "saak" hê, as hy ^{ook} klinkklaar aan die Noorde ^{kan} bewys dat dit in die langtermyn belang van die wêreld as geheel - en daarom ook in die belang van die Noorde - is dat die Noorde veel groter en effektiewer vorme van ontwikkelingshulp aan die Suide sal verskaf.

In die ruimte-eeu waarin ons leef, is dit seker ^{vol-} gepas om die aardbol te sien as 'n "ruimteskip" wat net in die statosfeer op "koers" kan bly as daar na die welstand van al die "medereisigers" omgesien word in 'n wêreld-^{se} oordeelkundige aanwending van hierdie "skip" se skaars hulpbronne.

"Koersaanpassing"